HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

1 April 2021

Liewe ouers, leerders en personeel

Mag elkeen van julle 'n geseënde Paasfees beleef. Bly asseblief veilig en as julle reis wees versigtig.

Graag bring ek die volgende inligting onder julle aandag:

1. **Beheerliggaam 2021 - 2023**
   Baie geluk aan die volgende persone met hulle verkiesing tot die beheerliggaam. Dié beheerliggaamlede het die besondere voorreg om die beheerliggaam met die eeufeesvieringe van die skool te wees.

Mnr. Attie Bedeker	Voorsitter
Mnr. Johannes Jumat	Ondervoorsitter
Mnr. Marius Bezuidenhout	Tesourier
Mev. Carien Gericke	Sekretaresse
Mev. Frances Schröter	Dissipline
Mev. Izelle Bester	Ouerbetrokkenheid en kultuur
Mnr. De Leur Volschenk	Sport
Mnr. Wessel Pienaar	Klere
Mnr. Christo Vorster	Skoolhoof
Mev. Susan van der Walt	Opvoeder
Mev. Annaretha Louw	Opvoeder
Ruben Groenewald	Leerders
Amy Wessels	Leerders
Gekoöpteerde lede	
Mnr. Chris Hattingh	Akademie
Mnr. Piet Cloete	Sport
Mej. Retha Smith	Kultuur
Mnr. Heiter Smit	IT
Mnr. Jacobus Maloney	Koshuise

   Sterkte aan elkeen met hierdie belangrike taak.

2. **Nuwe regulasies ten opsigte van ko-kurrikulêre aktiwiteite**
   Die staatskoerant van 27 Maart 2021 (no. 44339) bepaal dat kultuur- en sportaktiwiteite kan voortgaan. Daar is egter voorwaardes wat ons nie moet ignoreer nie.
   2.1. Geen toeskouers word by oefeninge of wedstryde toegelaat nie. Dit bly een van die grootste uitdagings en baie ouers klim tydens oefeninge uit hul motors en dra ook nie maskers nie. Ongelukkig kan dit nie gebeur nie.
   2.2. Maskers moet deur leerders gedra word, behalwe by intense oefeninge.
   2.3. Sosiale afstand van 1,5m moet gehandhaaf word.
   2.4. Indien 'n leerder die terrein verlaat en terugkeer vir oefeninge moet hy/sy weer geskandeer word. Dit is die afrigter se verantwoordelikheid dat die skandering plaasvind.

Ongelukkig maak die regulasies nie voorsiening dat alle leerders elke dag mag terugkeer skool toe nie. Die regulasie bepaal dat as ons genoeg spasie het, meer leerders toegelaat kan word. Die beplanning, as daar nie 'n derde golf is nie, is dat ons vanaf die tweede kwartaal die gr. 11's saam met die matrieks elke dag skool toe te laat kom. Daar sal in die laaste week van die kwartaal hieroor 'n besluit geneem word.

Pouses: Ons het 'n proefneming gemaak om leerders tydens pouses buite te laat sit. Dit het egter nie gewerk nie. Leerders het nie die protokol nagekom nie. Ons sal in die tweede kwartaal hulle weer 'n geleentheid gee.

3. **Eksamen**
   Die rooster van wanneer elke leerder in die eksamen skryf sal volgende week aan elke leerder gestuur word. Uit die aard van die hoeveelheid leerders wat by die skool toegelaat word, gaan verskillende grade op verskillende tye skryf. Die leerders sal nie later as 15:00 skryf nie. Die eksamenrooster met die spesifieke tye sal per WhatsApp aangestuur word. Dit sal ook op die D6 en die webtuiste geplaas word. Baie sterkte aan al die leerders met die eksamen.

4. **Atletiek**
   Baie geluk aan die atlete wat tydens die SWD-kampioenskappe gekwalifiseer het om aan die SA-kampioenskappe deel te neem. Sterkte aan die 25 atlete wat op 8, 9 en 10 April aan die SA-kampioenskappe in die Paarl deelneem. Baie sterkte aan die volgende atlete:
   Chanelle Britz (Hamergooi), Danielle Louw (Paalspring), Lizaan Brandt (Driesprong en paalspring), Anri Crook (Hoogspring), Xavairea Takana (5 000m stap), Nicole Barnard (Spiesgooi en 90m hekkies), Dené Edwards (Spiesgooi), Elri Tredoux (300m hekkies), Emma Lutsh (400m en 800m), Rushaan Fortuin (200m), Gillian Hector (Paalspring), Truchelle Schoeman (Paalspring), Lize-Ann Minnie (Paalspring), Gerald van der Heyde (Paalspring), Grante Savage (Hoogspring), Zian du Plessis (Gewigstoot), Steven Pawson (800m), Chad Campher (100m), Rowan Mafutu (100m en 200m), Neil Erasmus (Paalspring), RC Coetzee (Gewigstoot), JT Strydom (110m hekkies), Julian Levendal (200m), Jeffwin Wesso (800m), Ralston Appies (Hoogspring), Christiaan Theron (200m). Poursche Botha (100m hekkies en gewigstoot) gaan aan die Namibiese nasionale kampioenskappe deelneem.

5. **Kwagga Veldfliek Piekniek**
   Onthou die datum – 6 & 7 Mei 2021. Inligting sal spoedig volg.

6. **Graad 8 ouer-dag en baadjie seremonie – 9 April 2021**
   Inligtingsbrief word aan elke ouer gestuur.

Kwagga groete

CP Vorster
SKOOLHOOF